# Geloftedag – Versoeningsdag!

**Donderdag 16 Desember 2021**

**Skriflesing** **Jos 24:1-28**
**Teksverse** **Jos 24:14-15,19-21; Deut 23:21-23; Spr 20:25**

## Kort agtergrond van Geloftedag of Versoeningsdag

Toe Jacob Uys, een van die eerste Voortrekkers wat die Kaap verlaat het, op 20 April 1837 uit Grahamstad vertrek het, het die Engelse daar aan hulle ’n State-Bybel as geskenk gegee.
Dit is die bewys van die vaste geloofsoortuiging waarmee hulle na die binneland getrek het.

En hierdie vertroue het vir Sarel Cilliers en Andries Pretorius, onder die besef gebring dat hulle van God moes afsmeek om met hulle te wees, tydens die beslissende slag by Bloedrivier of Buffelsrivier, soos dit destyds bekend gestaan het. Daarom het hulle ’n gelofte afgelê op 9 Desember 1838 om 16 Desember elke jaar as ’n Sabbatdag deur te bring uit dankbaarheid teenoor God vir hulle behoud en oorwinning.

**Die kerngedagte waarna ons gaan kyk is dan die volgende:**

- Ek en my huis, ons sal die Here dien!
- Vrees die Here, dien die Here, verwyder hindernisse tussen jou en God.
- Vertrou op ons getroue Verbondsgod vir redding en kom jou geloftes na!

Josua het sy hele lewe lank, op God vertrou. Dit is juis sy toewyding en getroue diens aan God, wat Josua, vir Israel vra, dat hulle ook God met toewyding sal dien.

**1 Josua roep die volk saam om te luister na die openbaring van God.**

Josua het die hele Israel bymekaar geroep om aan hulle God se verbondstrou en sy getrouheid te openbaar.

In gehoorsaamheid het die volk hulle plekke ingeneem, lees ons in vers 1, in die teenwoordigheid van God. Hulle was voor God vergader, in ’n amptelike byeenkoms. En Israel moes nie net na die uiterlike daar gewees het nie, dit was nie ’n uitwendige vertoon nie, dit was ‘n blymoedige en dankbare byeenkoms. Dit het geskied in ‘n diepe afhankliheidsbesef voor God.

**2 Josua openbaar aan die volk, God se verbondstrou.**

Josua openbaar nou aan die volk wat die Here, die God van Israel self sê.

- God openbaar hier sy verbondstrou aan die volk.
- God openbaar hier hoedat Hy sy verbond in stand gehou het deur die eeue heen.
- Nooit het Hy sy volk vergeet of hulle verlaat nie.
- As hulle die verbond verbreek het, dan het God dit weer herstel.

God het nog nooit sy kinders verlaat of hulle aan hulle lot oorgelaat nie.

**3 Josua gee aan die volk bevele en stel hulle voor God se eise.**

Al hierdie goeie dade, word weer aan die volk gepreek, voordat Josua hulle drie bevele gee in vers 14.
Josua beveel hulle:

- Om die Here te vrees, d.i. om eerbied aan God te betoon.
- Om God te dien in opregtheid en waarheid en trou.
- Om die afgode te verwyder wat hulle vaders oorkant die Eufraat en in Egipte gedien het.

So dink ons vandag terug aan God se genade. God wat uitkoms gee as daar intense nood is. As daar groot nood in jou lewe is moet jy bid en vir God om genade smeek en uitkoms vra. God sal dit vir jou gee, as Hy wil en Hy dink dit is nodig. Maar dan moet jy ook jou dankbaarheid betoon. Dank God! Loof God! Prys God vir sy grootheid! As God nie uitkoms gee soos wat jy vra nie, prys God nog steeds. Hy weet steeds beter wat jy nodig het en wat Hy aan jou gee.

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*